INHOUD

Voorwoord 7

Grondsake … 8

Verstaan bemesting 22

Kweek self! 28

Snoei sonder snik! 40

Wees waterslim! 52

'n Lappie gras 58

Soek jou heil by bome 72

Plant vir die pot 80

Te kies en te kleur 100

Terug na die natuur 124

Tuinmaaktendense 138

Indeks 157

GRONDSAKE ...

SUKSESVOLLE TUINMAAK BEGIN BY DIE GROND WAARIN DIE PLANTE GAAN GROEI. DIS GLAD NIE SO MOEILIK OM 'N VRUGBARE TEELAARDE VIR 'N VERSKEIDENHEID PLANTE TE SKEP NIE. EEN VAN DIE BESTE MANIERE OM DIE STRUKTUUR, VRUGBAARHEID EN WATERHOUVERMOË VAN ENIGE TUINGROND TE VERBETER, IS OM DIT GEREELD MET ORGANIESE MATERIAAL TE VERRYK.

'Daar moet genoeg hitte in 'n goeie komposhoop opbou dat jy 'n eier daarop kan posjeer, maar dit moenie so warm raak dat jy 'n kreef daarop kan gaarmaak nie.' – Anoniem

Begin jou eie komposhoop

Die meeste ervare tuiniers weet dat 'n mens nie 'n R100-plant in 'n R2-gat plant nie (met ander woorde sonder kompos nie!). Hulle weet hoe waardevol kompos is wanneer jy enigiets wil plant en dat dit ook gereeld as grondvoedende deklaag gebruik moet word. Kompos is 'swart goud' en deesdae is dit 'n alledaagse gebruik om tuin- en kombuisafval vir tuisgemaakte kompos te benut om die toestand van tuingrond te verbeter en water te spaar.

Kompos van goeie gehalte is in sakke by kwekerye en tuinsentrums te kry en jy kan ook bakkievragte daarvan by verskaffers van organiese grondmediums bestel. As jy nie kans sien om jou eie komposhoop te maak nie, sal dit perfek werk. Tog gooi alle huishoudings – klein tot groot – daagliks goed weg wat met baie min moeite en amper geen onkoste in kompos omskep kan word nie.

Waar moet die hoop staan?

- Uit die oog in 'n sonnige hoekie van die tuin.
- Naby 'n kraan.
- Span groot houtkratte in (die soort wat vrugtever-pakkers gebruik) of bou jou eie vierkantige houer. As jy genoeg plek het, kan jy meer as een komposhouer of -hoop oorweeg sodat jy kompos in verskillende stadiums van verrotting kan hê, of om tuinafval wat soms té veel is, soos herfsblare of snoeisels wat nog fyner gekerf moet word, in te bêre.
- Hopies op die grond werk ook goed. Boonop het grondorganismes soos erdwurms toegang daartoe en kan dan ook hulle deel doen om die plantmateriaal vinniger af te breek. Dis ook waarom jy nie 'n komposhoop op sement moet bou nie.
- Moenie komposhope groter as 1 x 1 m maak nie – dit sal te lank neem voordat al die materiaal afbreek.
- Spesiale komposmakers van plastiek is by kwekerye en ysterwarewinkels te koop – dis perfek vir kleiner tuine.



Wat moet op die hoop kom?

- Grassnysels in dun lae.
- Knipsels van heinings en roostakkies in fyner stukke gekerf.
- Ou blare in dun lae.
- Dooie plantmateriaal, maar nie as die plant siek was nie (gooi siek takke weg of verbrand dit).
- Uitgeblomde jaarplante.
- Vrugte- en groenteskille.
- Dun lagies strooi.
- Onbehandelde boombas.
- Houtsaagsels.
- Vesels van natuurlike material soos katoen of klapperhaar.
- Klein stukkies geskeurde koerantpapier.
- Kruieknipsels.
- Bees-, vark-, bok- en hoendermis (dorpenaars kan kraalmis in sakkies by kwekerye koop).
- Afval uit voëlhokke.
- Teesakkies en koffiemoer.
- Fyngedrukte eierdoppe.
- Klein hoeveelhede hout-as.

Algemene wenke by die uitplant van saailinge

- Of jy saailingbakkies met plantjies gekoop het, of dit self gesaai en eers groot gemaak het, verg uitplant 'n bietjie sorg en voorbereiding.
- Kies saailinge wat sterk en gesond is sonder geel of verwelkende blare. Saailinge wat knop maak sal langer in die tuin hou as dié wat in volle blom is,.
- Berei die hele plantgebied goed voor deur volop kompos, beenmeel of superfosfaat en organiese of anorganiese kunsmis (2:3:2 of 3:1:5) in te werk. Moenie vars mis toedien nie. Hark die gebied om harde kluite fyn te maak.
- Maak die saailingbakkies nat voordat jy dit uitplant en moenie die saailinge in horingdroë grond plant nie.
- Plant laatmiddag eerder as op die warmste deel van die dag.
- Volg die aanbevole afstand tussen die plante en aanbevelings oor son of skadu op die plant-etikette of saadpakkies.
- Wissel jaarplante jaarliks af en moenie dieselfde plante elke jaar op dieselfde plek plant nie omdat patogene dan in die grond kan opbou.
- Maak goed nat nadat jy geplant het en daarna een maal per week na gelang van die reënval en temperatuur. Voel elke paar dae aan die grond om vas te stel of jy weer moet natmaak – dit moet klam wees, maar nie deurweek nie.
- Voed die saailinge tweeweekliks met 'n vloeibare kunsmis.

Blomplantturksvy

Probleem: Hoe hou jy honde uit 'n nuwe blombedding?

Al is jy hóé lief vir jou vierpotige vriende, styg jou bloeddruk darem gevaarlik hoog as hulle gaan grawe en amok maak in 'n nuwe blombedding waarin jy so pas jou sagte saailinge met groot deernis geplant het!

Oplossing: 'n Slim manier om honde uit nuwe beddings te hou, is om ou diefweringpanele te gebruik. Draai hulle bloot horisontaal oor die nuut geplante area en bind hulle sowat 20 cm bokant die grondoppervlak met kabelbinders aan kort staalpaaltjies vas wat in die grond ingekap is. Dié tydelike buffers sal gatgrawende honde ontmoedig terwyl die plante onverstoord deur die openinge kan groei, tyd kry om goed gevestig te raak en later die grond kan bedek voordat die diefwering weer na 'n ander deel van die tuin verskuif word.

Kweek van steggies

Baie tuinstruike kan jaarliks met steggies vermeerder word. 'n Voordeel van vegetatiewe voortplanting met steggies is dat die nuwe plante presies soos die moederplant sal lyk, wat nie altyd die geval is indien jy saad gebruik het nie. Plante wat maklik van steggies af groei, sluit in fuchsias, laventels, magriete, malvas, meerjarige salies, penstemons, vygies, ander vetplante soos echeverias (Mexikaanse sneeuballe) en kruiesoorte soos roosmaryn, ment, meerjarige basiliekruid en tiemie.

Benodigdhede

- Kweekmengsel – dis beskikbaar by kwekerye, maar jy kan ook jou eie maak deur drie dele gewaste riviersand met een deel gekoopte potgrond te meng. Jy kan ook fyn bas daarby inmeng. Die grondmedium moet grinterig wees en goed dreineer.
- Hormoonpoeier – dis 'n sintetiese bewortelingshormoon wat basies uit indool-3-bottersuur bestaan wat in die dertigerjare deur Hollandse wetenskaplikes ontdek is. Organiese tuiniers sweer ook hoog en laag by wilgertee (gemaak van wilgertakkies wat in kookwater getrek is), heuningtee en gewone spuug deur die wondkant van die steggie te lek (dit het blykbaar ook ontsmettende kenmerke).
- 'n Houer met dreineringsgate in die bodem – jy kan 'n ou plastiekplantpot gebruik of 'n diep saailingbakkie.

Gereedskap

- Stokkie of ou potlood
- Skerp snoeiskêr

Maak só

1. Gebruik 'n silwerskoon, skerp snoeiskêr om stewige stammetjies (nie dié wat nog te sag of houterig is nie) van sowat 8-12 cm te sny. Sny die steggie net onderkant 'n ogie ('n verdikking op die stammetjie waar nuwe groei gewoonlik uitloop).
2. Verwyder eerstens enige toe blomknoppies of oop blomme aan die steggies en trek al die onderste blare af.
3. Hou al jou voorbereide steggies in 'n flessie met vlak water.
4. Druk elke steggie in die hormoonpoeier en gebruik dan 'n stokkie of ou potlood om 'n gaatjie in die grondmengsel te maak. Sorg dat sowat die helfte tot twee derdes van die steggie in die gaatjie pas en druk die grond rondom liggies vas.
5. As al die steggies grond toe is, kan jy dit liggies met 'n gieter met 'n fyn sproeikop natgooi.

Heteropyxis natalensis (laventelboom)

Die laventelboom het 'n netjiese, klein kroon met loshangende, blink, donkergroen blare wat in die herfs eers geel en later roesrooi raak voordat dit afval. Hoewel die boom bladwisselend is, kan dit halfbladwisselend wees in subtropiese klimate. Die blare het 'n subtiele laventelgeur wanneer dit fyngedruk word en klein, geurige, roomwit blomme verskyn in die laatsomer.

Klimaat: Die laventelboom is rypgevoelig, maar pas goed aan in matiger gebiede. Dit is raadsaam om die jonger bome in die winter teen ryp te beskerm.
Aanloklike kenmerke: Die bas is beskuitjiekleurig met roomwit tot taankleurige spikkels of 'groeisels'. Die bas skilfer gereeld af en die stamme is verdraai en geboë.
Belangrikste feite:

- Word so 5 x 6 m hoog en die wortelstelsel is nie indringend nie.
- Groei stadig, maar vrugbare grond verryk met kompos en gereelde water kan die groeitempo aansienlik verhaas.

Loxostylis alata (teerhout)

Hierdie klein, immergroen boompie het ornamentele loof. Die nuwe groei is eers rooibruin en brons, maar word later 'n sagte groen. Manlike en vroulike blomme kom apart op bome voor. Manlike blomme is wit en geurig, terwyl die vroulike blomme, wat liggroen of wit is, aanvanklik onbeduidend is. Wanneer die vrugte begin vorm, word die blomkelke van die vroulike blomme egter helderpienk of donkerrooi.

Klimaat: Teerhout groei oral behalwe in die heel koudste en mees blootgestelde tuine met swaar ryp.
Aanloklike kenmerke: Die mooi grys bas met sy diep groewe raak rooierig indien dit wonde opdoen. Die mooi loof maak dit geskik as eksemplaarplant in groot houers.
Belangrikste feite:

- Bereik 'n hoogte van sowat 5 m met 'n digte, maar taamlike smal kroon. Die wortelstelsel is nie indringend nie.
- Droogtebestand.
- Groei vinnig.
- Plant meer as een om 'n oulike miniatuurwoud te skep.

Searsia pendulina (witkaree)

Witkarees is waarskynlik die heel gewildste bome vir stadstuine. Hulle het 'n effens hangende groeiwyse en netjiese kroon wat sagte skadu gooi. Die blare word in stelle van drie individuele blaartjies gedra en is liggroen. Die bas is liggrys, word mettertyd grof en skilfer af. Pluime baie klein, groengeel blommetjies word gevolg deur eetbare bessies wat baie voëls lok.

Klimaat: Die witkaree sal op enige plek groei en is ryp- en windbestand en kan ook koue en hitte verduur.
Aanloklike kenmerke: Hierdie boom is gehard, groei vinnig en is 'n lieflike skaduboom vir 'n klein tot medium tuin.
Belangrikste feite:

- Grootte kan in verskillende klimate verskil, maar hulle word gewoonlik 8 x 8 m.
- Nie-indringende penwortelstelsel.
- Baie waterslim.

Notas oor bome

Party inheemse bome wat vir klein tuine aanbeveel word, kom uit woude in baie gematigde tot subtropiese klimate. Hier kan hulle geweldig hoog word omdat hulle gedwing word om uit baie diep skadu tot in die son te groei. Die volwasse groottes wat dus vir hulle in botaniese boeke aangedui word, sal as gevolg hiervan verskil van dié in tuinboeke waar die outeur hulle as 'tuinbome' waargeneem het. As jy 'n aanpasbare boom buite sy natuurlike habitat in 'n huistuin plant waar die klimaat groter uitdagings vir die boom bied, sal die groeikenmerke verskil. Dit sal oor die algemeen ook kleiner wees omdat sy gewone, endemiese plantmaats in die vorm van ander woudbome wat in 'n ideale habitat naby aan hulle groei, ontbreek.

Party 'klein boompies' word ook as 'groot struike' geklassifiseer met 'n natuurlike, bosagtige groeiwyse en talle sytakke wat van jongs af gevorm word. Moet egter nie dat dit jou om die bos lei nie, want dit is moontlik om die meeste van hulle, indien nie almal nie, op te lei in baie mooi miniatuurboompies met 'n pragtige hoofstam en digte blaredak.

Kruieraad

Puriste sal beweer dat kruie beter sal groei as hulle eenseen in potte geplant word omdat jy dan na al die uiteenlopende water- en ligbehoeftes kan omsien. Party kruie bly klein en kompak, veral as jy gereeld daarvan vir die pot pluk. Ander soos roosmaryn, laventel en lourier, sal ruimte nodig hê om te groei. Dan is daar ook die kruie wat indringend groei soos ment en kappertjies wat hulself saai en maar al te graag oor al die ander plante sal wil groei. Onthou dus dat wanneer jy hierdie baie mooi gemengde houers beplant en al die plesiertjies geniet wat dit sal voorsien, jy dit soms sal moet oorplant. Partykeer sal jy van die plante met nuwes moet vervang en selfs vars potgrond moet byvoeg.

Wanneer jy jou gemengde pot beplan, gebruik 'n hoë ankerplant en vul die ruimte met klein, bosserige plantjies daarom. Plant die kruipende kruie laaste om die rande van die houer te versag.

Die regte plantmengsel

Die meeste kruie hou van grond wat goed dreineer – daar is kommersiële potgrondmengsels vir kruie beskikbaar. Maak andersins 'n 50:50-mengsel van palmveen en gewone potgrond waarby jy beenmeel en 'n bietjie stadig vrystellende, algemene tuinkunsmis gevoeg het. Palmveen is beskikbaar in saamgeperste baksteenvorm en word in water geweek sodat dit kan uitsit (dit raak omtrent vyf keer groter as wat dit aanvanklik was). Die palmveen sorg vir beter dreinering, maar help ook om water te behou sodat voedingstowwe in suspensie gehou word. As jy nie palmveen wil gebruik nie omdat jy jou eie kompos maak, kan jy kommersiële potgrond rek deur een derde kompos by twee-derdes potgrond te voeg.

Versorging van kruie in potte

- Plaas hulle waar hulle minstens vyf uur volson per dag sal kry sodat hulle hul geur kan behou.
- Maak kruiepotte gereeld nat omdat hulle gouer droog sal word as kruie wat in die tuin groei.
- Dien een keer per week 'n kunsmis toe.
- Moet nooit jammer voel om die kruie te oes nie. As jy dit gereeld vir gebruik snoei, sal dit gesonde, nuwe groei aanmoedig.

Skeppende kostuinprojekte

Die plesier wat jy uit jou kostuin sal put, strek nie net sover as al die vars produkte wat jy daaruit sal oes nie. Terwyl jy die kostuin beplan en daarin werk, sal jy dalk ook aan praktiese doen-dit-self-projekte dink om jou tuin mooier te laat lyk of om dit vir jou makliker te maak om groente te kweek.

Projek: Mikrogroente in 'n pot

Die sappige, sagte lote van piepklein groente- en kruiesaailinge is deesdae uiters gewild en ook beskikbaar by supermarkte met groot varsprodukte-afdelings. Om mikrogroente te kweek is dalk die enigste manier om jou eie groente te plant as jy glad nie 'n tuin het nie, maar wel 'n sonnige balkon of stoep het waarop 'n pot kan staan. Die jong groente- en kruiesaailinge wat soos hare op 'n hond se rug opkom, smaak voortreflik (al is dit net blare!), is ewe gesond vir jou en is heerlik in slaaie en om somergeregte te garneer. Dis ook lekker in toebroodjievulsels.

Benodigdhede

- Vlak wyebekpot
- Saailingmengsel (te koop by kwekerye)
- Beenmeel
- Vermikuliet
- Dreineerklippies
- Saad – omtrent enige groente of kruiesaad (hier is die saad van wortels, beet, grasuie, snybeet en blaarslaai gemeng)

Gereedskap

- Houttroffel of plankie
- Gieter met fyn roossproei

Maak só

1. Maak seker jou houer het dreineringsgate. Sit dreineerklippies onderin en vul dan die houer met saailingmengsel en 'n bietjie beenmeel. Ongeveer vier hande vol beenmeel is nodig per sak saailingmengsel.
2. Druk die grond met 'n houttroffel of plankie vas.
3. Meng al die saad met 'n ruim hoeveelheid meel in 'n houer (jy kan ook fyn riviersand of mieliemeel hiervoor gebruik). Dit gee die saad meer lyf en maak dit makliker om dit egalig te versprei.
4. Saai nou die saad in die houer en bedek dit met 'n laag vermikuliet van 5 mm.
5. Maak goed nat met 'n gieter met 'n fyn roossproei. Die grond moet immer klam wees. Maak elke dag nat en op warm dae twee keer per dag.
6. Oes die saailinge wat ongeveer 3-5 cm hoog is met 'n kombuisskêr.

Sigblad: wat om elke maand te plant

SLEUTEL VIR ASPEK: VS = Volson, HS = Halfskadu, HS/SK = Halfskadu tot skadu, SK = Skadu

JANUARIE – JUBEL EN JUIG!

GUNSTELINGE IN BLOM	DOMINANTE KLEUR	ASPEK	OPMERKINGS
Agapanthus 'White Ice'	Wit	VS	Plant al drie hierdie meerjariges saam vir 'n pragtige somer-kombinasie
Lavandula 'Blue Canaries'	Donkerblou	VS	
Salvia farinacea 'Victoria'	Donkerblou	VS	

Vullerplant vir gapings

Sutera cordata 'Forever White'	Wit	VS/HS	Inheemse grondbedekker met massas klein blommetjies

Jaarplante vir beddings, houers, mandjies en vensterbokse

Dianthus-hibriede	Wit, pienk tot skarlakenrooi	VS	Dié twee jaarplante maak saam 'n mooi blomrand vir beddings en kan ook in gemengde hangmandjies en vensterbokse gebruik word om ekstra kleur te skep
Lobelia erinus	Blou	VS/HS	Altyd beskikbaar in blom

VURIGE FEBRUARIE

GUNSTELINGE IN BLOM	DOMINANTE KLEUR	ASPEK	OPMERKINGS
Crocosmia aurea (vallende sterretjies)	Oranje	VS/HS	Bolmeerjarige wat vanself naturaliseer, in die winter rustend is en skielik weer verskyn
Coreopsis-hibriede	Geel	VS	Outydse meerjarige, maar nuwe hibriede is beskikbaar wat baie gehard is
Echinacea 'Cheyenne Spirit'	Warm rooie	VS	Beslis die moeite werd om elke jaar te plant om al die skakerings van 'n dramatiese sonsondergang op grondvlak te sien

Vullerplant vir gapings

Nepeta x *faassenii* (kattekruid)	Ligblou	VS	Grondbedekker om die warm kleure van Februarie koeler te maak. Katte is ook baie lief daarvoor

Jaarplante vir beddings, houers, mandjies en vensterbokse

Portulaca grandiflora (portulak)	Wit, geel, rooi, oranje	VS	Word as gemengde kleure saam verkoop, maar enkelkleure is ook in saailingbakkies te kry
Catharanthus roseus (vinca)	Pienk, wit, rooi en byna swart	VS	'n Gewilde keuse is 'n hibriedmengsel wat 'Jams 'n Jellies' genoem word en gemengde blomme in saailingbakkies bevat
Zinnia 'Profusion'	Oranje	VS	Dwergvorm van jaarplant wat gewoonlik hoog groei en sonder ophou blom

MANJIFIEKE MAART

GUNSTELINGE IN BLOM	DOMINANTE KLEUR	ASPEK	OPMERKINGS
Symphyotrichum novi-belgii (Michaelmasmadeliefie)	Mauve, pienk, wit	VS	Puik snyblom
Hypoestes aristata (lintbos)	Mauve	VS/HS	Treffende kleur in die skadu
Physostegia virginiana (skarnierplant)	Lila	VS	Puik snyblom
Salvia greggii-hibriede	Pienk, rooi	VS	Verskaf tipiese herfskleure

Vuller vir gapings

Evolvulus glomeratus 'Blue Daze'	Blou	VS/HS	Grondbedekker met wonderlike blomme

Jaarplante vir beddings, houers, mandjies en vensterbokse

Hypoestes phyllostachya (polkadotplant)	Pienk en wit	VS/HS	Sierplante met helder kolle op die loof

AANLOKLIKE APRIL

GUNSTELINGE IN BLOM	DOMINANTE KLEUR	ASPEK	OPMERKINGS
Penstemon-hibriede (penstemon)	Pienk	VS	Staatmakers in die herfs wat vinnig kleur verskaf
Pentas lanceolata	Rooi, pienk en wit	VS/HS	Blom lank en oorvloediglik



SWIETS
Meer as 50 resepte vir smulleker tuisgemaakte snoepgoed
Simone Balman

193 x 260 mm
128 pp
Sagteband
RRP: R200.00
ISBN 978-1-928201-46-5
Publikasie datum: Junie 2015
Beskikbaar in Engels: *Sweet memories*
ISBN 978-1-928201-45-8

METZ PRESS
www.metzpress.co.za

Metz Press is 'n onafhanklike uitgewer van topgehalte inligtingboeke en geïllustreerde nie-fiksie vir die plaaslike mark, asook die internasionale koproduksiemark. Regte vir ons boeke word deur uitgewers vanoor die wêreld opgeraap danksy die uitstaande kwaliteit van ons inhoud en produksie, die kreatiewe aanslag van ons skrywers en ons leweringsvermoë.

Uitgewer:	Wilsia Metz
Tel:	+27 (0)21 913 7557
Faks:	+27 (0)21 913 5102
E-pos:	info@metzpress.co.za
Web:	www.metzpress.co.za
Posadres:	PO Box 7322, Welgemoed, 7538, Suid-Afrika
Straat adres:	Cameronianslaan 1, Welgemoed, 7535, Suid-Afrika

OOK BESKIKBAAR VANAF METZ PRESS